NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
Die Hervormer
Mei 2026 | Die amptelike mondstuk van die NHKA | Jaargang 119, nommer 2



Het jy al 'n Bybel vir iemand gegee? | 3



Tuiskoms: van gemeente na gemeenskap | 4-5



Die Hervormde Kerk voor die spieël | 6



Stoepstories | 8

# Kerkwees en oorlog

**Dr Christo Pretorius**

***Daar het 'n ander perd, 'n vuurrooie, uitgegaan. Aan sy ruiter is opdrag gegee om die vrede van die aarde af weg te neem, sodat die mense mekaar sal uitmoor. 'n Groot swaard is aan hom gegee* (Op 6: 4, AFR83).**

So lui die teks vir 'n preek van dr HCM Fourie wat op 'n biddag, 6 September 1914, in Pretoria gelewer is en enkele dae later op 15 September 1914 in *De Hervormer* gepubliseer is.

Dit was nie die eerste maal dat die Kerk en haar lidmate in oorlog gedompel is nie. Dr Fourie was as jong man 'n getuie van die geweld van die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902), van die prys daarvan op die slagveld, die konsentrasiekampe en wat vandag bekend is as post-traumatiese stres en intergenerasie trauma soos psigohistorici dit beskryf.

In dié tydperk van dr Fourie se preek, het die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) met mening losgebars en die mens en die wêreld in ellende gedompel. Op bladsy 8 van *De Hervormer* klink vrae op wat deur die eeue gevra is en steeds gevra word: *Ons moet rekenskap gee. Hoe staan ons teenoor oorlog, in besonder teenoor hierdie oorlog?*

Vroeër het menings en verklarings die lig gesien. Ds Jac van Belkum skryf in Augustus 1914 na aanleiding van Psalm 146 *Vertrouwt nie op Prinsen* dat mense onbetroubaar is, ooreenkomste verbreek word, beloftes nagelaat word. Die mens is onbetroubaar. Vir die kinders van God is daar 'n ander rotsbodem. Die Here stel nie teleur nie, Hy is ons toevlug.

Die Kerk, so skryf ds LE Brandt, is wakende en biddende voor God, en hierop volg dr Fourie se uitspraak: Oorlog is 'n ramp, 'n godsoordeel en loutering. Ons glo dat ook dit is nie buite God se raad en wil nie en hierop dui tekste uit die Ou en Nuwe Testament.

Die Kerk moes lidmate help om die oorlog te verstaan, om weer sin en samehang te skep, want van die gevolge van oorlog is dat die samelewing uitmekaar skeur, geestelik leeg word en die mens stroop van hoop en betekenis. Die Kerk moes wakende en biddende wees, trou bly aan haar wese en roeping want oorlog verideologiseer die lewe, selfs die Woord van God.

Prof HP Wolmarans skryf in *Die Hervormer* van 25 Oktober 1939 na aanleiding van 'n vraag deur 'n lidmaat, hierdie keer oor die Tweede wêreldoorlog (1939-1945): *Moet die kerk hom oor neutraliteit ten opsigte van die Europese oorlog uitspreek of nie?*

Die antwoord is afhanklik van ons kerkbegrip, ons verstaan van die kerk en die verhouding tussen die kerk en die staat, antwoord ons Kerk se hoogleraar. As die kerk slegs 'n menslike instelling is, iets wat in diens van die volk en haar karakter is, wat afhanklik is van en haar krag put uit die lede daarvan, sal die kerk haar altyd uitspreek ten gunste van oorlog.

*So 'n kerk sal die regverdigheid van God ook net dan erken as Hy die oorwinning aan die eie volk gee. Dit was ook die voorstelling van die heidense volke rondom Israel, wie se gode niks meer was nie as dienaars van die volk.* (*Die Hervormer*, Jaargang XXVIII, no. 56).

En die kerk wat haarself sien as die liggaam van Christus op aarde, keur elke vorm van oorlog in beginsel af: *Die wat na die swaard gryp, sal deur die swaard vergaan*, voeg Wolmarans toe.

Dit is nóg die kerk se taak om die owerheid of staat aan te por om oorlog te voer, nóg haar uit te spreek oor neutraliteit of regverdiging daarvan. Die Kerk het 'n ander taak, 'n ander roeping.

Die Switserse teoloog Karl Barth het rekenskap van hierdie roeping gegee. Ses jaar voor prof HP Wolmarans se artikel, sien die publikasie *Theologische Existenz heute!* in 1933 die lig. Die eerste fluisteringe van die nasionaal-sosialisme het geklink, hierop volg die Tweede Wêreldoorlog en tussen die twee wêreldoorloë en daarna baar Karl Marx se *Das Kapital* die kommunisme met sy bloedspoor.

Oor sekere sake is die kerk eenstemmig, sê Barth. Daar is geen dringender eis in die ganse wêreld as dit wat God se Woord stel nie: *Hierdie Woord moet verkondig en gehoor word.*

Daar is ook instemming dat die Woord van God alles wat teen dit staan, uit die weg ruim, dat dit oor ons en alle opponente sal triomfeer, omdat dit reeds vir ons en ter wille van ons oor alle teenstanders getriomfeer het, want die Woord is gekruisig, het gesterf, is begrawe en op die derde dag opgewek is en sit aan die regterhand van God.

Die einde van die Tweede Wêreldoorlog het 'n nuwe stryd ingelui. Dit was die begin van die Koue Oorlog tussen Westerse magte en Sowjet-Rusland en uiteindelik die botsings tussen beskawings, aldus die historikus Samuel P Huntington in *Clash of Civilizations.*

Vir Suid-Afrika en die Kerk het die Slag van Ongulumbashe in 1966 die begin van die Grensoorlog (1966-1989) aangedui. Dit was 'n konflik wat bykans 'n kwarteeu sou duur.

Nie net die opkoms van bevrydingsbewegings, dekolonisasie van Afrika en die impak van die Koue Oorlog het in die lewe van lidmate ingegryp nie, maar terreur soos deur Anthea Jeffery in die *People's War* (2009) beskryf word, het bygedra tot onsekerheid en 'n verdeelde samelewing – 'n samelewing in die greep van geweld, verwyte en haat.

In hierdie dae moes die Kerk vrae probeer antwoord soos in *Die Hervormer* van Januarie 1975: *Is Christus 'n voorstander van geweld?*

In die daaropvolgende uitgawes word gevra na *Frelimo en die dekolonisering van Afrika, Die Kerk en Rewolusie, Die Christen en oorlog, Die Kerk en Nasionale diensplig* en *Die Angola-vlugteling drama.*

Ook in hierdie berigte skenk die Kerk se predikante aandag aan wat die Kerk se standpunt teenoor oorlog is.

Toe is geluister na die kerkvader Augustinus wat met Aristoteles en Cicero poog om oorlog te temper, om te vra na wanneer is 'n oorlog geregverdig; of al eerder te luister na Tertullianus en Origenes, die kerk voor Konstantyn, wat enige bloedvergieting veroordeel. By die kleinseun van 'n Pruisiese predikant, Carl von Clausewitz klink die oortuiging dat die brutaliteit van oorlog aan bande gelê kan word, om waar diplomasie en onderhandeling misluk, met oorlogreëls en krygswet oorlog te tem, oorlogsmisdade te vervolg of om, soos die filosoof Hannah Arendt, die futiliteit van oorlog uit te wys en vergifnis na te streef.



In 2025 en 2026 woed 'n oorlog tussen die Staat Israel en die Palestynse beweging, Hamas. In hierdie dae brei die oorlog uit – die VSA en Iran is ook nou op die slagveld. Dié keer lyk dit, soos Ernest Becker dit in sy werke *The Denial of Death* en *Escape from Evil* verklaar, na 'n botsing van sinstrukture, 'n botsing tussen werklikheidsbeskouings, die vrees vir die dood en betekenisloosheid daarvan.

Die oorsaak en die regverdiging is in die hande van politici, ekonome en sosioloë. Wat eie en besonders aan hierdie oorlog is, berus by staatsmanne en historici en dit blyk, soos in die verlede, dat oorlog uiteenlopend begryp, beleef en geregverdig word.

Die kerk se roeping bly steeds om trou te wees aan die Hoof en Heer van kerk en wêreld; deur gehoorsaam na die Woord te luister en belydend te verkondig.

Die Woord van God wat in die Heilige Skrif na ons kom, verseker ons dat Jesus Christus deur sy kruis en opstanding, hoop en sin gee in 'n gefragmenteerde, verskeurde wêreld.

(Dr Christo Pretorius is leraar by Gemeente Pretoria en dosent by die Hervormde Teologiese Kollege)

(Die standpunte in die teks is die mening van die skrywer en is nie noodwendig die beleid of standpunte van die NHKA nie.)

# Geesgedrewe, positief en inklusief onderweg

**Ds David Barnard**

**Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) het 'n skrywe aan gemeentes en ringe gerig rakende die ringsvergaderings van 2026. In hierdie skrywe versoek die Kommissie dat daar indringend, positief en opbouend met mekaar gesprek gevoer sal word oor die Kerk en die werk van die Kerk in die wêreld (eie opsomming).**



Daniel Migliore is op 2 Maart vanjaar in die ouderdom van 90 jaar oorlede. Hy was 'n invloedryke teoloog in die Sistematiese Teologie en vir dekades lank verbonde aan die *Princeton Theological Seminary.*

Migliore het 'n kosbare bydrae gelewer tot die debat rondom die roeping van die kerk. Sy opsomming van die kerk se missionale roeping in die wêreld en die gees waarin hierdie roeping uitgeleef moet word, is na my oordeel in lyn met die Kommissie van die AKV se versoek oor die gesprekvoering by ringsvergaderings.

Migliore het 'n populêre dogmatiese werk met die titel *Faith seeking Understanding,* gepubliseer. Die eerste uitgawe van hierdie boek het in 1980 en die laaste in 2014 verskyn. Die titel van die werk is waarskynlik by St Anselmus van Kantelberg geleen wat hierdie woorde in die 11de eeu gewild gemaak het. Anselmus se uitgangspunt was dat geloof dieper rasionele nadenke, intellektuele en geestelike navorsing van ons vereis.

In sy boek noem Migliore vier sake wat vir die kerk se nadenke oor haar missionale gees ononderhandelbaar is:

- Elke kerk wat erns maak met missionale bediening maak ook erns met inklusiwiteit. Hy gebruik Galasiërs 3: 28 as vertrekpunt hiervoor: *Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie …* (AFR83). Die taak van die kerk is om 'n inklusiewe gemeenskap te skep en te handhaaf. In hierdie *nuwe* gemeenskap sal diegene wat vroeër as vreemdelinge gebrandmerk was, omarm word as susters en broers in Christus. *Otherness and differences*, verskille en andersheid, kan nooit as 'n bedreiging gesien word nie. Daar moet eerder 'n samehorigheid leef van alle mense in 'n eenheid en ruimte waarbinne onderlinge verhoudinge hervorm en nuut gemaak word.

  Ek is nie seker in watter mate die NHKA hierin geslaag het nie. In baie opsigte is ons ligjare weg van 'n klompie dekades gelede se eksklusiwiteit, maar in sekere opsigte voel dit asof ons steeds net aan die oppervlakte van inklusiwiteit krap. Soms voel dit asof ons die stryd rasioneel voer, maar in wese steeds verstrengel is in argaïese konstrukte.

- Die missionale gees van 'n gemeente behoort alle gawes en talente van lidmate te verwelkom en dit te benut tot voordeel van die geheel. Die Gees van God deel ryklik gawes uit aan almal. Dit is ons roeping om positief en met oorgawe, met dít wat ons ontvang het, te werk tot eer van God, die Een wat die gawes immers aan ons skenk.

  Andersheid in terme van gawes en talente is te dikwels nog 'n bedreiging vir kerke. Ons sal talente eerder onder 'n spreekwoordelike *maatemmer* wegsteek as om die varsheid en uniekheid daarvan raak te sien en te waardeer.

- Kerke se missionale gees moet voorts deur vreugde en dankbaarheid gekenmerk word eerder as wat dit gesien word as 'n swaar las op die kerk se skouers en 'n moeisame gewig wat ons moet saamsleep. Vrees en onsekerheid kan nooit die onderbou van ons kerklike werk wees nie. Die agenda moet eerder gebou wees op onverskrokke aksie en met die roeping van ons Heer en die werk van die Gees wat ons lei en stuur. 'n Remmende, vreesbelaaide voortbestaan slegs ter wille van voortbestaan, kan nie ons nadenke oorheers nie.

- Die missionale gees van die kerk sal laastens die teenwoordigheid van die Gees herken, erken en verwelkom. Hierdie raaksien en verwelkoming moet op elke denkbare terrein van ons lewens geld. Of dit politiek, kuns, wetenskap of godsdiens is, ons is dankbaar oor die Gees van God wat ons lewens rig. Hierdie dankbaarheid geld waar lewe en vrede heers, maar ook daar waar dood en verwoesting in die oë gestaar moet word. Waar dit tog soms gebeur dat kerke deur politieke en menslike omstandighede gelei of bestuur word, durf óns ons nie daardeur te laat inperk nie. Natuurlik is dié omstandighede deel van 'n groter geheel, maar dit is nie rigtinggewend in ons aktiwiteit nie. Die rykdom van moontlikhede in die verkondiging van die evangelie kan nie deur wêreldse konstrukte beperk word nie. Ons maak soms die fout om te dink dat ons die Gees van God en die Seun van God tot ons beskikking het om ons kerklike aktiwiteite te help bestuur. Ons is hoogstens deelnemers aan die missie van ons Heer en die Gees.

John Taylor skryf dat ons teologie sal verbeter wanneer ons daaraan dink dat ons as kerk aan die Here behoort eerder as dat ons glo die Here behoort aan die kerk.

Ons sal in komende tye voldoende geleentheid om tydens ringsvergaderings en op verskeie ander forums positief en konstruktief te besin oor ons taak en roeping as Kerk. Laat ons geleenthede raaksien en nie toelaat dat omstandighede of vooroordele ons aan bande lê nie. Laat ons positief en onbevange op God se roepstem reageer en met oorgawe werk.

## Uit die Woord

**Die Here het opgevaar na die hemel!**

*[9]Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien, en 'n wolk het Hom weggeneem, sodat hulle Hom nie langer kon sien nie. [10]Terwyl Hy weggaan en hulle nog stip na die hemel kyk, het daar skielik twee mans in wit klere by hulle gestaan. [11]Dié sê toe vir hulle: "Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het"* (Hand 1: 9-11, AFR83).

Die Heer regeer, Hy't opgevaar,
die dood kon Hom nie hou nie.
Sy almag sal ook óns bewaar –
wie sal op Hom nie bou nie?

Dis Hy wat oor sy volk regeer,
ook in hul aardse woning.
As regter kom Hy eenmaal weer
met straf of met beloning.

(Gesang 429: 1 en 5)

## Oordenking

# Hy leef – daarom leef ons!

**Ds Lisa-Mari Prinsloo (Centurion-Oos)**

**Lees: Filippense 3: 12b**

***Ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het* (AFR83).**

Ons kan en moet daagliks leef uit die triomf oor die dood as volgelinge van Jesus Christus. Paastyd herinner ons nie net daaraan dat Jesus opgestaan het nie, maar dat sy opstanding 'n nuwe werklikheid oopgebreek het waaraan ons nou reeds mag deel. Tog word ons so maklik vasgevang in 'n lewe wat nog deur doodsheid gekenmerk word – doodsheid in ons denke, ons gewoontes en ons optrede.

Dit is juis hieroor waaroor Paulus in Filippense 3: 12-14 skryf. Kyk net watter woorde gebruik hy: *Ek span my in … ek maak my los … ek strek my uit …* Hierdie is nie passiewe woorde nie. Dit is die taal van iemand wat besef dat die lewe in Christus 'n aktiewe, doelgerigte beweging is. Tog lê die fondament nie in ons inspanning nie, maar in God se genade: *Christus Jesus het my reeds Syne gemaak.* Ons jaag die lewe na, juis omdat ons reeds aan Hom behoort.

Daarom roep Paulus ons op om los te kom van wat agter is – die *doodsheid* wat ons so maklik vasvang. Dit sluit nie net ons sondes in nie, maar ook ons vrese, ons mislukkings en selfs ons selfbeperkende denke. Die opstanding van Jesus wek ons op uit hierdie doodsheid. Dit roep ons tot 'n lewe van vreugde, hoop en verwagting. Sy opstanding maak ons nie net dankbaar nie; dit maak ons opgewonde. Dit vul ons lewens met nuwe energie om voluit te leef.

Hierdie lewe is nie iets wat ons eers eendag in die hemel sal ervaar nie. Dit begin nou. Te dikwels leef gelowiges asof hulle net wag vir die hemel, asof hierdie wêreld bloot 'n wagtyd is. Maar die evangelie sê iets anders: ons is nou reeds geroep om hier op aarde te leef as mense van die opstanding – as getuies en verteenwoordigers van God se koninkryk. Dit is waar die hemelvaart 'n nuwe dimensie oopmaak. Jesus se hemelvaart beteken nie dat Hy ver weg is nie, maar dat Hy regeer. Daarom word ons roeping op aarde juis bevestig en verdiep. Soos 2 Petrus 3: 13-14 ons herinner, leef ons in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waar God se wil sal heers. Die skepping word herskep.

Dit beteken dat Christene nie wêreldvreemd is nie. Ons word juis al hoe meer aan hierdie wêreld verbind – om deel te wees van God se verlossing en herskepping. Ons lewe, werk en getuig in hierdie wêreld met die wete dat God besig is om alles nuut te maak.

Jesus se opstanding en hemelvaart sit ons dus nie op die kantlyn nie – dit sit ons aan die werk. Ons rol ons moue op, nie uit dwang nie, maar uit hoop. Want Hy leef – en daarom kan en moet ons ook werklik leef!

# Het jy al 'n Bybel vir iemand gegee?

**Dr Gerhard Lindeque**

***Toe vra Jesus vir die twaalf: "Wil julle nie ook weggaan nie?" Simon Petrus het Hom geantwoord: "Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat die ewige lewe gee"* (Joh 6: 67-68, AFR83).**

Petrus se antwoord in hierdie teks is 'n bevestiging dat dit wat Jesus Christus ons oor God geleer het, mense se enigste hoop in die lewe is. Jesus se woorde is vir ons opgeteken in die Bybel. Dit bevat God se boodskap van hoop vir die wêreld. Die vertaling van die Bybel 'n instrument waardeur mense uiteindelik tot 'n persoonlike en intieme verhouding met Jesus Christus kom. Dit is ook die kerk se verantwoordelikheid om die Bybel in mense se moedertaal, en so bekostigbaar as moontlik, beskikbaar te stel. Die Bybel is vir baie mense 'n simbool van hoop.

Het jy al 'n Bybel vir iemand gegee? Dit was vir my 'n voorreg om as werknemer van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika dit by verskeie geleenthede wel te kon doen. Die vreugde en dankbaarheid van kinders en volwassenes wat vir die eerste keer 'n eie Bybel in hul moedertaal ontvang, sal my altyd bybly. En nou, aan die einde van my tydperk by die Bybelgenootskap, besef ek dat dit eintlik 'n voorreg is waarin elke lidmaat van die Kerk behoort te kan deel. Dit is nie alleen van onskatbare waarde vir die een wat die Bybel ontvang nie, maar om 'n Bybel vir iemand te gee, is ook vir die gewer daarvan 'n bron van hoop en inspirasie.

Maar soos ons weet, val Bybels in mense se moedertaal nie sommer uit die lug nie. Dit is 'n lang en voortdurende proses om die Bybel te vertaal. Hierdie baie gespesialiseerde en verantwoordelike proses van Bybelvertaling is die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se kerntaak. Hiervoor word daar natuurlik ook fondse benodig. Die spesiale deurkollekte wat gemeentes jaarliks aan die Bybelgenootskap oorbetaal, word hoofsaaklik hiervoor aangewend.

Die Bybelgenootskap beskik nie oor die fondse om 'n beduidende aantal Bybels gratis te versprei nie. Kerkrade en ringe word derhalwe aangemoedig om self fondse beskikbaar te stel vir die aankoop en verspreiding van Bybels. Ek is persoonlik bereid om gemeentes in hierdie verband te help. Gemeentes kwalifiseer om Bybels teen 'n groot afslag by die Bybelgenootskap aan te koop. Bybelverspreiding is 'n goeie geleentheid vir gemeentes en individue om missionaal in die gemeenskap betrokke te wees.

Bybels kan ook gratis elektronies afgelaai en versprei word. Soek gerus die toepassing op 'n selfoon se toepassingswinkel. Tik *Bible Society of South Africa* in die soekblok. Kies dan enige van die beskikbare toepassings met die Saaier as kenteken op en installeer dit. Registreer op die toepassing en maak die toepassing oop om die Bybel te kan lees. Daar is ook 'n spesifieke toepassing waarop die Bybels in oudioformaat beskikbaar is, sowel as een met Bybelverhale vir kinders.

Baie dankie vir die voorreg wat my te beurt geval het om die Here vir die laaste nege jaar van my voltydse bediening in die Kerk deur die werksaamhede van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika te kon dien. Dit was nie altyd 'n maklike tyd nie. Aan die einde van 2019 het my lewe aan 'n draadjie gehang en het die Here my op 'n wonderbaarlike wyse gespaar. Daarna het die Covid-pandemie en twee herstrukturerings in die Bybelgenootskap gevolg. Tog was daar heelwat hoogtepunte: die Bybelgenootskap se 200-jarige bestaan, die bekendstelling van die 2020-Afrikaanse vertaling, die 90ste bestaansjaar van die Bybel in Afrikaans, die MRCC se eeufees, 200 jaar van kerkwees in Suid-Afrika en die bydrae van die Bybel tot die ontwikkeling van Afrikaans as taal oor die afgelope 100 jaar.

In hierdie tyd het ek bykans 300 000 km sonder enige ernstige ongevalle gereis. My vrou, Karien, het my op die meeste van hierdie reise vergesel. Aan haar 'n persoonlike woord van waardering vir al die ondersteuning en soms ook ontberinge! Ons is oral in die Kerk vriendelik ontvang. Baie dankie aan elke kollega, kerkraad, ringskommissie en gemeente wat aan my die geleentheid gebied het om my werk te kon doen. Aan die Here al die dank vir sy genade.



*Wat ek ontvang het, is vir my mooi* (Ps 16: 6, AFR83).

(Dr Gerhard Lindeque is leraar by Gemeente Makarios en voltydse lid van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika)

# Die water is nog altyd daar!







**Ds Iwana Kruger**

**Dit alles het begin oor 'n koppie koffie by die Grieks-Ortodokse kerk oorkant die Universiteit van Pretoria. Die vraag wat na vore gekom het, was: *Wat beteken kerkplanting vir die Hervormde Kerk in 2026?* Daar is allerlei gedagtes en vrae wat by 'n mens opduik wanneer die tema kerkplanting bespreek word.**

Met hierdie vraag in gedagte het die drr Frikkie Labuschagne en Martin Slabbert op 20 Februarie 'n ruimte geskep waar sulke vrae bespreek kon word onder die leiding van die ervare kerkplanter en pastoor, Johan Verster, en Hervormde predikante wat ingesluit het drr Deon du Toit, Johan Bester, Sanrie de Beer, Hannes Janse van Rensburg en ds Stephen de Beer.

Dr Labuschagne het die gesprek aan die gang gesit met die gedagte dat ons as gelowiges geroep en toegerus is om die Koninkryk van God in hierdie wêreld uit te bou. Woorde wat ook diegene wat betrokke was op nuwe maniere laat nadink het oor hóé dit in die konteks van die Hervormde Kerk kan lyk.

Dr Slabbert het hierdie onderwerp as 'n tema beskryf wat hom terselfdertyd uitdaag én ongemaklik maak. In sy opening het hy 'n verhaal van 'n vrou gedeel wat vertel het hoe hul gemeenskap blokkasies in 'n stroom water probeer verminder het deur die plante wat dit verhinder het, stelselmatig te begin uitkap en hoe daar geleidelik water begin vloei het. Hy het hierdie verhaal gekoppel aan Jesaja 35: 5 wat 'n profetiese visie uitbeeld van hoe fonteine in die wildernis sal ontspring en hoe droë grond moet plek maak vir lewe. Teen hierdie agtergrond het hy die volgende vraag aan die groep gerig: *Kan hierdie woorde van Jesaja as metafoor dien vir hoe ons in die Kerk ook blokkasies moet uitkap om die water wat ons weet daar is, te laat vloei?* Hy het voortgegaan deur die gesprek te stuur in die rigting van hindernisse wat in die Kerk geïdentifiseer kan word en verwyder kan word sodat die beweging van God se werk in Hervormde gemeentes kan vloei.

Hierdie gesprek het elkeen uitgedaag om na te dink oor die toekoms van die Hervormde Kerk en alternatiewe kerk- en bedieningsmodelle wat oorweeg kan word. Ons bevind onsself in 'n samelewing waar daar konstante kontekstuele draaipunte opduik. Die Kerk moet haarself afvra: *Hoe kan ek terselfdertyd relevant, maar ook eg bly?* Moet daar dalk 'n alternatiewe vraag na vore kom: *Wat beteken kerkhernuwing vir die Hervormde Kerk in 2026?*

Tydens hierdie verkennende gesprek het pastoor Verster uitgelig hoe beide kerkplanting en kerkhernuwing kan baat by die opleiding rakende dissipelskap. Dit plaas eienaarskap terug in die hande van die lidmate, en daar behoort ruimte gemaak te word vir belangstellende individue.

Die toekoms van die Kerk is heilige grond, en daarom is sulke gesprekke en dinkskrumsessies volgens beide drr Frikkie Labuschagne en Martin Slabbert van kardinale belang. Hulle nooi gevolglik diegene wat in sulke temas en die ontwikkeling daarvan belangstel om hulle te kontak.

*Die Evangelie moet ons met tye bietjie ongemaklik maak. Is kerkplanting en kerkhernuwing vir my 'n werklikheid of 'n geestelike stokperdjie?*, aldus pastoor Verster. Dit was 'n belangrike aanhaling wat in dié gesprekke geëggo het.

(Ds Iwana Kruger is leraar in Gemeente Pretoria-Oos en die NHKA se joernalis)

# Tuiskoms: van gemeente na gemeenskap





**Ds Rue Hopley**

**Daar is 'n verskil tussen 'n gemeente en 'n gemeenskap.**

'n Gemeente is belangrik. Dit is waar ons bid, sing, luister, dien en saam die Here aanbid. Dit is waar ons kinders gedoop en ons geliefdes begrawe word, en waar ons aan die Here se tafel sit. Dis waar ons leer wat dit beteken om aan Christus te behoort.

Maar iewers langs die pad het ek begin wonder of daar nie soms iets ontbreek nie. Of ons dalk baie tuis geraak om kerk toe te gaan, sonder om werklik saam te leef. Of ons so besig geraak het met programme, vergaderings en eredienste dat ons vergeet het hoe diep Jesus se roepstem om gemeenskap werklik gaan.

Ek was maar jonk en onervare toe ek die bediening betree het. As ek nou terugkyk, besef ek dat deel van my soeke my eie onvermoë was. Ek kon die gemeente se besigwees sien, maar ek was nie wys genoeg om die gemeenskap wat reeds bestaan het, raak te sien nie. Ek het nie al die diep vriendskappe en getrouheid raakgesien nie en ook nie hoe mense mekaar stil-stil emosioneel gedra het nie.

My soeke het my op vreemde paaie geneem. Ná vyf jaar in die bediening was ek skielik in die VSA op 'n sabbatsjaar as vrywilliger by L'Arche Chicago. Ek het gedink ek gaan help. Ek was verkeerd.

L'Arche is nie 'n plek waar sommige mense help en ander gehelp word nie. Dit is 'n intensionele gemeenskap waar mense met en sonder intellektuele gestremdhede soos familie saam leef. Hulle eet, werk, lag en huil saam.

Daar leer jy gou dat jy nie net die een is wat gee of net die een is wat ontvang nie. Elkeen bring iets. Elkeen dra iets. Elkeen het gawes en beperkinge.

My titel en grade het net mooi niks beteken nie. Dinge het soveel stadiger gebeur. Iemand vat lank om aan te trek. Iemand vertel dieselfde storie oor en oor. Iemand raak ontsteld oor iets kleins. My geaardheid was om vinniger te wil beweeg en dinge *reg* te maak.

Maar L'Arche het my geleer dat liefde teen die spoed van die stadigste mens beweeg en dat my *reg* nie die enigste reg is nie.

Gemeenskap vra tyd en geduld. Dit vra dat jy ophou om mense as projekte te sien wat reggemaak of bedien moet word. Ek het meer ontvang en geleer by diegene wat ek aanvanklik gemeen het ek moet help. Hulle het my geleer om stadiger te leef, beter te luister en minder bekommerd te wees oor prestasie en uitset, en veel meer begaan te wees oor teenwoordigheid.

Toe dit tyd word om terug te keer na Suid-Afrika en na die bediening toe, was ek huiwerig. Nie omdat ek nie die kerk lief het nie, maar omdat ek bang was om iets van dit wat ek by L'Arche beleef het, te verloor. Ek was bang dat ek weer sou terugval in 'n wêreld van titels, programme en *kerk doen* sonder daardie diep gevoel van behoort.

En as ek eerlik is, het dit soms vir my gevoel asof my vrees waar geword het. Nie omdat daar nie opregte liefde in gemeentes is nie. Daar is baie. Maar ek het ontdek dat net omdat ons 'n gemeente is, beteken dit nie outomaties dat ons gemeenskap het nie. Gemeenskap gebeur nie vanself nie. Dit vra tyd, teenwoordigheid, kwesbaarheid en intensie.

Tydens die 2025 Lentekonferensie het ds Jaco Strydom vir my iets gesê wat my moeë, soekende hart moes hoor: *Jy sal al die politiek van die kerkinstituut kan hanteer as jou tuiskoms weer in opregte gemeenskap is.*

Skielik het ek besef ek hoef nie tussen die twee te kies nie. Ek hoef nie die kerk te los om gemeenskap te vind soos die vorige keer nie. Maar ek sal doelbewus moet sorg dat my lewe gewortel bly in 'n plek waar mense mekaar werklik ken en dra.

Toe ek weer sien, woon ek in een van die Echo Jeugontwikkeling se kommunes in Villieria – hierdie keer terwyl ek steeds voltyds in die bediening is.

Echo is anders as L'Arche. Dit is 'n gemeenskap van jongmense met moeilike stories. Jongmense wat deur trauma, armoede, verlies, verslawing, geweld en verwerping gegaan het. Tog vind jy dieselfde heilige ritmes van saamleef, saam kook en saam eet. Geselsies op die stoep. Die chaos van mense wat saam bly. Die klein oorwinnings van hoop wat groei.

By Echo het ek weer gesien dat ons nie mense *regmaak* nie. Jy stap langs hulle. Jy bly. Jy luister. Jy hou aan hoop wanneer hulle self nie meer kan nie. En ja, daar is dae wat ek ná 'n lang dag van dominee-wees by die huis instap en daar reeds vyf huismaats wag. Iemand wil kla, iemand benodig 'n pleister, iemand wil raad vra en daar is altyd vuil skottelgoed.

Maar dis juis daar, in daardie klein, gewone, soms uitputtende oomblikke waar die mooi van gemeenskap lê. Dit beteken ons lewe is ineengeweef. Dit beteken daar is mense wat jou nodig het en mense vir wie jy ook nodig het. Dis nie altyd gerieflik of maklik nie.

Gemeenskap is beslis nie romanties nie. Dis morsig en dit vra opofferings, maar dalk is dit juis waarom dit so heilig is. Ware gemeenskap word nie gebou wanneer alles maklik is nie. Dit word gebou wanneer mense kies om te bly.

Vir lank het dit vir my gevoel asof ek tussen twee wêrelde leef – die wêreld van gemeente en die wêreld van gemeenskap. Dit was baie verwarrend. Maar die afgelope tyd begin ek stadigaan iets anders ontdek. Miskien hoef dit nie óf die een óf die ander te wees nie.

By Echo, en ook al hoe meer in die gemeente, begin ek iets van 'n samevloeiing beleef. Ek begin sien hoe die kerk op haar mooiste lyk wanneer sy nie net 'n plek is waar mense aanbid nie, maar ook 'n plek waar mense behoort. Waar ons nie net saam glo nie, maar ook saam leef en ek begin onthou hoe ek dit al op ander plekke in die Kerk gesien het.

Dit gebeur nie groot en dramaties nie. Dit gebeur in klein oomblikke – in mense wat 'n rolstoel help inlaai ná die diens, in iemand wat vriende rondry en kos aflaai, in 'n huisbesoek, 'n WhatsApp-boodskap en in opregte omgee.

Dit laat my dink aan die vroeë kerk in die boek Handelinge. Hulle het nie net eredienste bygewoon nie. Hulle het hul lewens gedeel. Hulle het saam geëet, saam gebid, saam gehuil en saam gedra. Hulle het werklik aan mekaar behoort.

Ons leef in 'n tyd waar baie mense ongelooflik eensaam is. Ons gaan kerk toe, maar ons deel nie noodwendig ons lewens nie. En daarom dink ek my soeke is nie net my eie nie. Ek dink baie van ons is op soek na iets meer as bloot 'n gemeente. Ons is op soek na gemeenskap. Nie noodwendig 'n perfekte gemeenskap nie, maar 'n plek waar daar ruimte vir gebrokenheid is. 'n Plek waar mense mekaar se laste help dra en waar ons nie hoef voor te gee nie.

Ek leer nog. Ons leer nog. Maar hoe langer ek daarmee leef, hoe meer wonder ek daaroor of dit nie juis is wat God se bedoeling met die kerk was nie: Nie net as 'n plek waar ons saam aanbid nie, maar ook as 'n gemeenskap van mense wat aan Hom en aan mekaar behoort. Is dit nie wat ons as gemeentes weer moet word nie?

(Ds Rue Hopley is leraar in Gemeente Wapadrant)


By: Aloy.M
PEPSI










CORE






MIKE



# Die Hervormde Kerk voor die spieël: Navorsing onthul spanning tussen tradisie en 'n missionale toekoms

Dr Johan Bester

**Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) bevind haar tans by 'n deurslaggewende kruispad, waar die roemryke tradisies van die verlede in direkte botsing kom met die eise van 'n vinnig veranderende, moderne samelewing. Dit is die kernboodskap wat na vore kom uit die jongste Predikantepaneelnavorsing 2025, 'n omvattende verslag wat onlangs aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voorgelê is. Die verslag skets 'n prentjie van 'n Kerk wat worstel met haar identiteit, haar relevansie en die vertroue tussen haar leierskap en diegene in die voorste linies van die bediening.**

**Die stilte van die meerderheid**
Miskien is die ontstellendste bevinding van die hele ondersoek nie dit wat gesê is nie, maar dit wat ongesê gebly het. Hoewel die navorsing aan internasionale standaarde voldoen, het slegs 23% van die Kerk se diensdoende predikante die vraelys volledig voltooi. Hoewel 50% van die predikante die eerste twee vrae beantwoord het, het 'n groot groep gaandeweg uitgeval.

Die betekenis van die onbetrokkenheid is duidelik – in die konteks van 'n gesonde organisasiekultuur dui so 'n lae deelname op 'n mate van onbetrokkenheid en moontlike wantroue. Met verwysing na organisatoriese denkers soos Patrick Lencioni, beklemtoon die navorsers dat vertroue die fondament van enige gesonde organisasie is. Die feit dat soveel predikante gekies het om nie deel te neem nie, suggereer dat daar 'n persepsie mag wees dat die navorsingsproses nie tot werklike positiewe verandering sal lei nie. Dit dui ook op 'n sogenaamde *silo-mentaliteit*, waar die energie hoofsaaklik binne die mure van die plaaslike gemeente gefokus is, met 'n gepaardgaande lae vlak van betrokkenheid by die sinodale kerkorganisasie.



**'n Profiel van bestendigheid en tradisie**
Die demografiese profiel van die predikante wat wel gereageer het, weerspieël die tradisionele wortels van die NHKA. Die deelnemers is oorwegend manlik, getroud, en bevind hulle meestal in die ouderdomsgroep 51 en 60 jaar. Hierdie is ervare bedienaars, met 'n lang diensrekord van tussen 21 en 40 jaar, wat hoofsaaklik in stedelike of voorstedelike gemeentes met minder as 500 lidmate dien.

Hierdie profiel bevestig die voortsetting van 'n *Herder-kudde-model*, waar die predikant as die sentrale figuur in 'n gevestigde struktuur funksioneer. Die verslag waarsku egter dat die hoë gemiddelde ouderdom van predikante dui op 'n beduidende generasiegaping en die dringende behoefte aan deeglike opvolgbeplanning vir die toekoms.

**Die tweesnydende swaard van stabiliteit**
Een van die mees opvallende tendense uit die navorsing, is die kultuur van bestendigheid en plaaslike fokus. Die meerderheid predikante verkies om in hul huidige gemeentes aan te bly en toon 'n sterk onwilligheid teenoor enige vorm van 'n verplasingstelsel. In die huidige Suid-Afrikaanse konteks is dit 'n logiese reaksie op onsekerheid – 'n stabiele gemeente bied veiligheid en sosiale ondersteuning wat nie maklik prysgegee word nie.

Hierdie lojaliteit en diep verbondenheid aan die plaaslike gemeenskap word as 'n gesonde basis vir langtermyn-bediening en volhoubare dissipelskap beskou. Tog word dit as 'n *tweesnydende swaard* beskryf. Dieselfde stabiliteit wat veiligheid bied, kan ook 'n struikelblok wees vir aanpassing en vernuwing. 'n Organisasie wat weerstand teen beweging bied, sukkel dikwels om strategiese prioriteite te implementeer wat tot stagnasie in moderne samelewing kan lei.

**Die missionale gaping: Binnetoe versus buitentoe**
Die navorsing onthul 'n beduidende skeiding tussen die amptelike visie van die Kerk en die praktyk op gemeentevlak. Terwyl die NHKA as geheel 'n roeping tot getuienis na buite en geregtigheid bely, bly die fokus van die meeste gemeentes hoofsaaklik intern.

Die verslag haal Karl Barth aan wat gemeen het dat die kerk dikwels *30 jaar te laat dapper is vir aanpassings*, asook Leslie Newbigin, wat gesê het die kerk is dikwels *te heilig om die wêreld in te gaan*. Hierdie sentimente resoneer met die bevindinge: daar is 'n oorweldigende klem op die skep van 'n veilige tuiste en die verligting van nood binne die eie gemeente. Hierdie *attraksionele model* fokus op die skep van 'n omgewing om lidmate te lok en te behou, maar verskuif onbedoeld die fokus weg van die wêreld daarbuite.

Evangelisasie, die oorbrugging van geloofsgrense en gebed vir nie-lidmate geniet tans 'n lae prioriteit by die meeste kerkrade. Die navorsing dui daarop dat die missionale identiteit – die beskouing van die kerk as *gestuurde na die wêreld* – nog nie ten volle deur die NHKA omhels is nie. Hierdie gaping tussen die sentrale leierskap se visie en die plaaslike prioriteite is 'n bron van frustrasie en onderstreep die behoefte aan praktiese opleiding vir predikante om hierdie roeping uit te leef.

**Outonomie en die rol van bronne**
'n Interessante neiging wat in die data na vore kom, is die hoë mate van outonomie wat predikante op plaaslike vlak uitoefen. Die meeste predikante verkies om hul eie toerustingsmateriaal te ontwikkel eerder as om van sentrale kerklike hulpbronne gebruik te maak.

Hierdie neiging dui op 'n ontkoppeling tussen die sinodale Kerk se inisiatiewe en die daaglikse bediening. Dit kan moontlik toegeskryf word aan 'n gebrek aan effektiewe kommunikasie of 'n persepsie dat sentrale materiaal nie by die spesifieke behoeftes van 'n gemeente pas nie. Die groot aantal predikante wat vrae oor hierdie onderwerpe oorgeslaan het, bevestig 'n algemene onbekendheid met sulke inisiatiewe.

**Tegnologie en kunsmatige intelligensie**
Wat die toekoms betref, is predikante verdeeld oor die gebruik van kunsmatige intelligensie (KI) in die bediening. Terwyl sommige dit as 'n nuttige hulpmiddel in hul gereedskapkis sien, is ander skepties of verwerp dit geheel en al. Hierdie verdeeldheid weerspieël die generasie-oorgang van 'n analoog- na 'n digitale wêreld, maar die feit dat min predikante hierdie vrae oorgeslaan het, dui daarop dat dit wel 'n aktiewe onderwerp van gesprek is.

**'n Ligpunt: Die bemagtiging van leke**
Te midde van die uitdagings is daar 'n baie positiewe en hoopvolle bevinding: predikante is oorweldigend ten gunste van die opleiding en gebruik van toegeruste ouderlinge. Hierdie bereidwilligheid om die verantwoordelikheid van die bediening te deel en die ouderlingsamp te bemagtig, is 'n belangrike antwoord op die demografiese realiteit waar minder mense formele teologiese opleiding ontvang. Dit verskuif die fokus na 'n meer praktiese, diensgebaseerde model van kerkwees.

**Die pad vorentoe: Aanbevelings vir die Kerk**
Die verslag sluit af met dringende aanbevelings aan die Algemene Kerkvergadering. Om die relevansie van die Kerk te verseker, moet die gaping tussen die Algemene Kommissie en die plaaslike gemeentes dringend oorbrug word. Daar word voorgestel dat gemeentes en predikante meer intensief begelei moet word met 'n fokus op die ondersteuning en ontwikkeling van beide.

Sleutelpunte vir die toekoms sluit in:

- Missionale begrip: Die Kerk moet besef dat missionale kerkwees meer as bloot barmhartigheidsprojekte is. Dit gaan oor die identiteit van *gestuurde van God* wees.
- Geloofsafrigting: Daar is 'n behoefte aan *geloofsafrigting* vir predikante, aangesien daar gevind is dat baie dienswerk meer vanuit 'n taakgerigtheid as vanuit 'n proses van geloofsonderskeiding gedoen word. Hoewel predikante teologies vaardig is, sukkel hulle soms om *geloof met lidmate te praat en uit te leef*.
- Eenheid en verband: Hoewel daar tevredenheid is met die interne eenheid van die NHKA, heers daar huiwering om sterker bande met ander kerkgenootskappe te smee. Dit is waarskynlik uit 'n begeerte om die eie identiteit en tradisie te beskerm.

Die data uit hierdie navorsing sal nou op gemeentelike, rings- en sinodale vlakke bestudeer word. Die Kerk staan voor die uitdaging om die vertroue van haar predikante te herwin en 'n gedeelde missionale identiteit te skep wat nie net binne die mure van die kerkgebou resoneer nie, maar ook 'n tasbare verskil in die wyer wêreld maak. Die uitslag van hierdie en ander navorsingsdata sal ongetwyfeld die koers van die NHKA vir die volgende dekade bepaal.

(Dr Johan Bester is leraar in Gemeente Randfontein Midpark en is projekleier by die Sentrum vir Gemeentelike Bediening)

# Die stertjie van die *Blitspos*!

**Ds Iwana Kruger**

**Vir die afgelope 18 jaar sirkuleer *Blitspos* weekliks deur middel van e-pos. Tans bereik dit bykans 4 000 individue. Sedert Oktober 2025 het die nuusbrief egter 'n nuwe stertjie bygekry met die naam Blitsflits. Die afdeling Kerklike Kommunikasie het die Hervormde studente en jong predikante byeengebring om die inhoud van *Blitspos* ook op 'n alternatiewe wyse aan te bied. Dié nuwe formaat bereik nou ook 'n jonger gehoor. Sedert die ontstaan daarvan, het Blitsflits reeds ongeveer 66 000 besoekers op Facebook alleen gelok. Mev Rolandi Mc Geer, een van die aanbieders, beklemtoon dat die relevante aanbieding van Blitsflits die inhoud van *Blitspos* vir haar meer toeganklik maak.**

Blitsflits is kort videogreepopnames wat die hoogtepunte van *Blitspos* se inhoud oordra in die styl van 'n bondige nuusberig. *Blitspos* word weekliks op 'n Woensdag afgehandel waarna dit aan die student wat die aanbieding gaan doen, gestuur word. Hy of sy het dan minder as 'n dag om die nodige voorbereiding te doen voordat die opname op die Donderdagoggend by Gemeente Philadelphia plaasvind.

Die studente en jong predikante wat tans deel vorm van die Blitsflitsspan sluit in mnre Albert Matthysen en At Hattingh, mejj Anushke Muller en Lané Trsucott, mev Roland McGeer en ds Zanedrieka de Lange.

Alhoewel die nodige voorbereiding plaasvind, is die oomblik voor die kamera dikwels net te veel! *Ligte, kamera en aksie!* is 'n proses wat volgens die studente veel eenvoudiger klink as wat dit werklik is. Tongknopery, spontane gelag en soms mismoedigheid tydens die opname vorm dan deel van Blitsflits. Hierdie gebeure is 'n segment wat nou al 'n bekende kenmerk van Blitsflits geword het.

Volgens mej Anushke Muller is dit 'n besondere ervaring wat gevul is met pret en 'n groot hoeveelheid gelag. Sy spreek ook haar dankbaarheid uit vir die geleentheid om deel van 'n produk te vorm wat gemeentelede laat glimlag terwyl sy die nuus en lewe van die Hervormde Kerk met hulle deel. Mnr At Hattingh sluit hierby aan en beskryf sy betrokkenheid as deelname aan 'n groter verhaal waar hy deel vorm van 'n *netwerk van mense wat saam bid en saam lief is vir die Here en sy kerk*.

Ten spyte van die studente se besige akademiese skedules en die eise daarvan, prioritiseer die Hervies hul betrokkenheid by hierdie aksie om die Hervormde Kerk meer sigbaar te maak. Vir ds Zanedrieka de Lange is dit nie net 'n manier waarop sy haarself op hoogte hou van kerklike gebeure nie, maar ook om net af en toe vir haarself te kan lag. Mnr At Hattingh beskryf sy ervaring soos volg: *Elke keer wanneer ek 'n Blitsflitsopname maak, ervaar ek 'n warmte wat moeilik is om te beskryf. Dit is nie bloot 'n nuusflits nie; dit is 'n stem van die breër liggaam van gelowiges en 'n herinnering dat ek nie alleen is in my wandel met God nie. Selfs wanneer my dae met studie en verantwoordelikheid gevul is, bring hierdie kort oomblik my telkens terug na iets wat groter is as my eie lewe.*

Dit is vir die Kerk 'n riem onder die hart dat studente op vars maniere die Hervormde Kerk en haar roeping met die wêreld daarbuite wil deel.

(Ds Iwana Kruger is leraar in Gemeente Pretoria-Oos en die NHKA se joernalis)


Albert Matthysen


Anushke Muller


At Hattingh


Lane Truscott


Rolandi Mc Geer


Zanedrieka De Lange

# Kom studeer Teologie by die HTK

**Die Universiteit van Pretoria (UP) se aansoeke om Teologie te studeer het reeds geopen. Is dit dalk iets waaraan jy sou belangstel?**

Die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) nooi jou uit om aansoek te doen om Teologie te studeer, waar jy saam met ander jong gelowiges jou roeping kan verken en ontwikkel, jou geloof kan verdiep, krities kan leer dink en voorberei kan word om met insig en integriteit diensbaar te wees aan die kerk en die wêreld.

**Hoe om aansoek te doen:**

1. **Doen betyds aansoek**
   Gebruik die aansoekskakel: **https://youtu.be/fZH3ACaZklM?si=v446fvhoKh9K1_nl**
   - Kies *Faculty of Theology and Religion* en dan die **BDiv-opsie**.
     **Sluitingsdatum: 30 Junie 2026**
2. **Gesels met jou gemeente**
   Laat weet jou gemeente se predikant dat jy aansoek gedoen het.
3. **Stel die HTK in kennis**
   Stuur 'n e-pos om te bevestig dat jy aansoek gedoen het aan:
   - Dr Hein Delport – **hein@nhk.co.za**
   - Clarika Hattingh – **clarikah@nhk.co.za**

Moenie tyd verspeel nie, onthou die sluitingsdatum is **30 Junie 2026**. Ons hoop om jou deel te maak van ons groep studente!



# Stoepstories: Die stryd vir 'n sitplek

**Oupa Stoep**

**Ontstigte Ockie van Oorlogspoort vra:** ***Beste Oupa Stoep, ek en my vrou is geseënd met vyf kindertjies, onder andere 'n drieling. Almal is nog op laerskool. Dit verg militêre maneuvers om almal aangetrek en reg te kry om op 'n Sondag kerk toe te gaan. Ons is altyd op die nippertjie betyds, maar ons sukkel dan om sitplek vir sewe siele te kry. Almal sit mos teen die paadjie en dan moet ons mooi meet en pas om te kyk of daar voldoende plek is voor ons oor die oompie en die antie langs die paadjie begin klouter. Weet Oupa dalk hoekom die mense so verbete aan hulle plek langs die paadjie vasklou?***

Beste Ockie, daar is 'n paar groot misteries in die lewe, soos hoekom *gou-gou* totaal verskillende tydswaardes vir mans en vrouens het. Jou vraag oor die besetting van sitplekke in 'n kerkgebou is nog een van dié groot misteries. Oupa was bevoorreg om oor die Paasnaweek twee eredienste in 'n gemeente met 'n baie ruim kerkgebou by te woon. Beide kere was die kerk stampvol. Oupa het al vroeg gaan sit, mooi in die middel van 'n ry sodat niemand oor hom of tannie Oupa hoef te klim nie. Soos die mense ingekom het, het omtrent almal gemik vir oop sitplekke langs 'n paadjie. Moenie dink dat die sittendes sou opskuif vir inkommers wat plek soek nie. Dit het naderhand soos ritmiese gimnastiek gelyk soos die mense kontorsies moes doen om verbygeskuif te kom!

Oupa het die spulletjie gade geslaan en toe 'n briljante plan uitgedink. Ons moet maak soos die lugrederye as 'n vliegtuig kom land en net vyf rye op 'n slag toegelaat word om op te staan en uit te beweeg. In die kerk sal die proses egter omgekeer moet word: lidmate sal aangesê word om die banke van voor af vol te maak. Oupa se kop het oortyd gewerk en Oupa kon al sien hoe die plekaanwysers korporatiewe drag kon dra soos lugwaardinne en vlugkelners doen. Oupa is seker dat daar êrens 'n kunstige lidmaat is wat die kleure van die liturgiese jaar – pers, pienk, wit, rooi, groen, swart en goud – kon saambring in 'n materiaal waarvan daar uniforms vir ons kerkwaardinne en kerkkelners gemaak kon word. Daar sou selfs 'n reeks gestandaardiseerde handbewegings uitgewerk kon word om aan te dui waar die nooduitgange, die moederskamer en die toilette van die gebou is.

Oupa het 'n vermoede dat hierdie vlieër nie gaan vlieg nie. Oupa het wel gehoor van 'n ander, baie kreatiewe oplossing. 'n Argitek is gevra om 'n kerkgebou te ontwerp en het ingestem om dit te doen, op voorwaarde dat niemand die kerkgebou mag binnekom tot die dag van die inwyding nie.

Toe dié dag aanbreek, was daar baie opgewondenheid en 'n groot klomp lidmate het voor die deure saamgedrom. Groot was hulle verbasing egter toe hulle sien dat daar net een ry banke voor in die kerk is. Die mense storm om sitplek in die bank te kry en toe dié vol is, verrys daar 'n tweede bank uit die grond uit. So kom daar elke keer 'n bank te voorskyn sodra een vol is, wat beteken het dat die kerk pragtig van voor af vol gesit word.

Almal was verstom oor hierdie vindingryke uitleg van die kerkgebou. Die grootste wonder het eers later gebeur. Toe die dominee presies 'n half uur lank gepreek het, het die kansel onder die grond in weggesak...

So my liewe Ockie, al raad wat Oupa vir jou het, is om vir jou spannetjie te sê dat die eredienstyd verskuif is na half nege, al is dit steeds nog om nege uur. Dink net hoe gaan jy jou verkneukel as die immerkantsoekende lidmate nou oor julle sewestuks moet klouter!



Redakteur: Ds David Barnard. Subredakteur: Ds Etienne Fourie. Produksieredakteur: Mej Sanet du Plessis. Joernalis: Ds Iwana Kruger.
Redaksie: Ds Annami Cockeran, dr Hein Delport, ds Iwana Kruger, ds Dalene Lourens, ds Mariët Robbertze, ds Larry van der Walt, dr Wouter van Wyk (sekretaris: Kommissie van die AKV).
Grafies: Mnr Hugo van Niekerk.
Administrasie: Mev Sarie Roux.
Uitgewer: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Posbus 2368, Pretoria 0001. Tel 012 322 8885, e-pos: boekwinkel@nhk.co.za, webblad: www.nhka.org
Drukkers: Seriti Printing, Pretoria. By die Hoofposkantoor as nuusblad geregistreer ISSN 0259-949X.

*Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.*